



Wintertyd, is veilingstyd.  
Dit is die tyd van die jaar  
wat die meeste beeste op  
Bakkie-sleepwaens vervoer  
word. Aangesien ek eerstens  
'n beesliefhebber en daarna 'n  
teler en dan 'n belegger is, het dit  
my genoop om navorsing te doen in  
hierdie verband.

## Vervoer van beeste **IN DIE WINTER**

>>> Jaco de Bruin

Beeste kan oor die algemeen koue beter hanteer as mense. Temperature van  $-10^{\circ}\text{C}$  is heeltemal draaglik vir melkkoeie. Studies toon dat 'n melkkoei hittestress begin kry vanaf  $20^{\circ}\text{C}$ . Ek persoonlik, kry effens koud op  $20^{\circ}\text{C}$ . Dit gee 'n mens dan die indruk dat 'n bees 'n baie geharde dier is, en dit is so! Daar moet egter inaggeneem word dat die  $-10^{\circ}\text{C}$  wat hierbo vermeld word droë en windstil-temperatuur is. Beeste se primêre meganisme om liggaamstemperatuur te reguleer, is met sy haarkleed. Volgens Dr. Temple Grandin van Colorado State University, kan 'n bees met 'n lang haarkleed op  $-7^{\circ}\text{C}$  dieselfde gerief verdra as 'n bees met 'n korthaarkleed teen  $0^{\circ}\text{C}$ . Die bees se insulasie met sy eie haarkleed speel dus 'n baie groot rol om liggaamstemperatuur te beheer. 'n Bees het ook die vermoë om sy hare regop te laat staan of te ontspan. Sodoende reguleer hy sy eie temperatuur. Ons as mens doen dit ook wanneer ons hoendervleis kry, dan staan die hare op ons lyf regop en genereer ons temperatuur.

'n Bees is egter ontwerp om te loop of stil te staan en vreet. Indien die wind waai, teen 'n stormagtige snelheid van  $80\text{km}/\text{uur}$  en die buite temperatuur is  $-1^{\circ}\text{C}$ , sal die aanvoelbare temperatuur  $-23^{\circ}\text{C}$  wees!

Wind-spoed (km/h)	Werklike Temperatuur ( $^{\circ}\text{C}$ )						
	10	4	-1	-7	-12	-18	-23
8	9	2	-3	-8	-15	-21	-26
16	4	-2	-8	-15	-22	-29	-34
24	2	-5	-12	-21	-28	-34	-41
32	0	-8	-16	-23	-31	-37	-45
40	-1	-9	-18	-26	-33	-39	-48
48	-2	-11	-21	-28	-36	-42	-51
56	-3	-12	-21	-29	-37	-44	-54
64	-3	-12	-22	-29	-38	-47	-56
72	-4	-13	-22	-30	-39	-48	-57
80	-4	-13	-23	-31	-40	-48	-58

Dit is hoe dit vir 'n bees voel agter op 'n sleepwa teen  $80\text{km}/\text{h}$ . Volgens die table is die aanvoelbare temperatuur op  $-7^{\circ}\text{C}$  teen 'n spoed van  $80\text{km}/\text{h}$ , 'n dodelike  $-31^{\circ}\text{C}$ ! Dink maar gerus terug hoe koud was dit die vorige aantal jare tydens winter.

Kan jy jou indink hoe koud moet dit vir die bees wees teen  $100\text{-}120\text{km}/\text{h}$ ?

Om die saak te vererger, moet ons nou na temperature kyk waar wind gelyktydig ook betrokke is. 'n Bees se insulasie word heeltemal ontnem

sodra sy haarkleed nat word. Dit kan gebeur in reën en ysreëntoestande. Dit kan ook gebeur as die pad nat is en die watersproei opspat. Dit kan ook gebeur as daar nat miskolle op die beeste sit, of as die vloer van die beeswa te vuil en nat begin word. Selfs as die voorste bees op die wa urineer, sproei dit die agterste beeste se haarkleed papnat.

#### Tekens om na uit te kyk vir kouestress:

- As 'n bees begin bewe van die koue, kry hy bitter koud.
- 'n Bees wat koud kry sal gaan lê in 'n poging om meer temperatuur vas te vang.
- As 'n bees begin om die kooigoed (beddegoed) op die wa te eet.
- Kyk na die neus-vloeistof. Dit kan begin vries.

#### Behandeling:

Indien enige van die bogeneoemde simptome sigbaar is, is die belangrikste behandeling om tot stilstand te kom. Die bees moet die geleentheid kry om weer liggaamstemperatuur op te bou.

Probeer om in die son te staan met die wa, beskut van die wind.

Gee die bees weer voer om te eet. Dit genereer temperatuur veral 'n goeie gehalte ru-voer.

Indien die bees herstel, ry verder baie stadiger. (Kyk weer eens na die tabel.)

#### Voorsorgmaatreëls:

Verskaf dik beddegoed vir die bees om op te staan. Dit kan in die vorm van hooi, skaafsels of sand wees.

Verwyder alle nat beddegoed.

Rig jou beeswa so in dat daar 'n plaat of 'n seil is wat die wind kan afkeer.

Probeer ook voorkom dat sproei van die nat pad op die bees beland.

Ry baie stadiger wanneer jy beeste vervoer.

#### Bronnelys

Cansas State University and Livestock Conservation Institute.

Precautions and warning signs of cold stress and wind chill chart.

Courtesy of Canadian Agri-Food Research Council Recommended

Code of Practice for the Care and Handling of Farm Animals-Transportation.